JAARVERGADERING

# BEDRYFSFORUM MAAK KAPSIE TEEN HUIDE-VOORSTEL

Die Rooivleisbedryfsforum het op sy jaarvergadering bekend gemaak dat hy die staat se voorgestelde verbod op die uitvoer van huide sterk teenstaan.

Mnr. Dave Ford, voorsitter van die Rooivleisbedryfsforum.

**DIE** Departement van Handel en Nywerheid en die Tesourie wil 'n algehele verbod op die uitvoer van onverwerkte beeshuide instel. Daarby wil die staat 'n tarief van 20% in die eerste jaar van uitvoer op nat, blou huide instel en vanaf die tweede jaar van uitvoer 'n tarief van 40% hef.

"Dit sal verreikende ekonomiese implikasies vir die bees- en slagplaasbedryf in die algemeen en spesifiek vir die opkomende sektor inhou," het mnr. Dave Ford, voorsitter van die forum, gesê.

Volgens hom is daar geen mark vir swak afgeslagte en beskadigde huide in Suid-Afrika nie. "Alles word uitgevoer. Die forum sal dit met alle mag beveg, veral omdat daar ondanks herhaaldelike versoeke glad nie met die forum in dié verband gekonsulteer is nie," het hy gesê.

## AGOA

Ford het gesê die herwinning van Suid-Afrika se status as vry van bek-en-klouseer bied die geleentheid vir verhoogde rooivleisuitvoer.

Die sanitêre handelsmaatreëls (SPS'e) vir die invoer van pluimvee, beesvleis en sekere varksnitte ingevolge die Amerikaanse wet op groei en geleenthede in Afrika (Agoa) wag nog op die goedkeuring deur die Departement van Landbou, Bosbou en Visserye voor die ooreenkoms finaal onderteken word.

Indien die departement nie aan die internasionale organisasie vir dieregesondheid (OIE) se vereistes voldoen nie en indien die smokkel van diere met gesplete hoewe (soos swartwitpense) van lande wat nie vry is van bek-en-klouseer nie, ongehinder voortgaan, kan dit rampspoedige gevolge vir die rooivleisbedryf inhou, het Ford gesê.

Hy het in sy voorsitterverslag gesê die toegewings wat die Landbou, Bosbou en Visserye asook Handel en Nywerheid ten opsigte van Agoa gemaak het, "is skynbaar tot voordeel van die 'groter ekonomiese prentjie' gedoen".

Volgens hom het Landbou, Bosbou en Visserye egter self sy kommer uitgespreek oor die wetgewende beheer van voer wat in Mexiko gebruik word en die uitwerking wat dit op Suid-Afrika se status as vry van bek-en-klouseer en op die uitvoer van vleis kan hê.

"Samesprekings wat met die adjunk-direkteurgeneraal van Landbou gevoer is oor die samestelling van 'n veterinêre protokol met Amerika, wat die weg sou baan vir toekomstige uitvoer, het aanvanklik gunstig gelyk, maar dit het op niks uitgeloop nie.

"Onlangse voorstelle dat die Rooivleisbedryfsforum die direkteur van dieregesondheid sal bystaan met die samestelling van 'n protokol vir Amerika is gunstig ontvang en moet verder nagestreef word," het Ford gesê.

## STRATEGIE

Ford het gesê baie ure is deurgebring in konsultasies tussen die departement en die bedryf oor die nuwe nasionale en provinsiale veterinêre strategie. Die strategie spruit voort uit 'n versoek van die forum in 2012 dat 'n evaluasie van die land se veterinêre gesondheidsdienste vir die internasionale organisasie vir dieregesondheid (OIE) onderneem word.

Die forum se hofaansoek wat die minister verplig om 'n onafhanklike vleisinspeksiediens by alle slagplase vir alle soorte vleis te hê – soos bepaal word deur die Vleisveiligheidswet van 2000 – is 'n hofbevel gemaak. Vergaderings tussen die bedryf, die afdeling van veterinêre openbare gesondheid en regsverteenwoordigers bepaal tans definisies en finale datums vir toepassing.

## SAKELYS

Ander punte wat Ford in sy verslag bespreek het, was die klassifikasiestelsel vir karkasse, die landboubeleidsaksieplan, 'n beeskontrak op die JSE en die invoertarief op mielies.

Die **klassifikasiestelsel** vir bees- en skaapkarkasse is verlede jaar ná die klassifikasiewerksessie breedvoerig bespreek. Die besprekings het uitgeloop op 'n konsensusbesluit dat die klassifikasiestelsel sal bly soos dit is tot nuwe navorsing verbeterings uitwys wat moontlik oorweeg kan word.

Lede van die forum het op talle vergaderings gedebatteer oor die forum se deelname aan die **Landboubeleidsaksieplan**. Sommige lede is ten gunste daarvan en ander nie. "Dit is kommerwekkend dat die departement se dryfkrag in dié verband skynbaar aan die taan is. Die departement gee nou meer aandag aan Projek Phakisa.

Die JSE is besig om 'n **beeskontrak** met verskillende vlakke van ondersteuning in te stel. Verskeie gesprekke is reeds gevoer oor die spesifikasies vir 'n voerkraalkontrak. Die forum sal voortgaan om lede ingelig te hou sonder om homself aan enige party te verbind.

Die bedryfsforum en ander mieliegebruikers het Graan SA se aansoek by die Internasionale Handelsadministrasie (Itac) om die ingevoerde **mielieverwysingsprys** tot $123/ton te verhoog, teengestaan. Die aansoek is uiteindelik teruggetrek.

Gebruikers en handelaars is genader om inligting en kommentaar te lewer op die beginsel van 'n invoerprysformule vir mielies. Daar is eenstemmigheid dat die wisselkoers wat van die aanvanklike R8,50 tot die vlak van R15+ aangepas is, genoeg beskerming bied. "Enige styging in die mielieprys kan rampspoedige gevolge vir die intensiewe veebedrywe en die hele rooivleisbedryf, inhou," het Ford gesê.

Volgens hom sal die Rooivleisbedryfsforum voortaan klem lê op die volgende aangeleenthede:

- Deelname aan die debat oor koolstofbelasting.
- Die brucellose-aksieplan.
- Die monitering van brucellose.
- Die bevordering van 'n volhoubare veesensus-stelsel.

**'Enige styging in die mielieprys kan rampspoedige gevolge vir die intensiewe veebedrywe, sowel as die hele rooivleisbedryf, inhou.'**